# VAN ONS SUSTERS






# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 42, nr 20 Sondag 14 Junie 2026

***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel 082 864 4422**

**rudynell@jenny.co.za**


**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis: Karien Benson, Brechtje Jooste** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:**
**Ouderlinge:** Wyk 1 **Koos Nortjé** en wyk 2 **Klaas Wyma**
**Diakens:** Wyk 1 en 2 **Zurich Terblanche**
**Teebeurt:** Susters van wyke 3 & 4 **Dina Coetsee** en **Frieda van der Walt**

## EREDIENSTE Beide dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

---

**OGGEND** Baie welkom en baie dankie aan Karien Benson wat vanoggend die begeleiding waarneem.
**Woordbediening:** 1 Samuel 24-25:1.
**Fokusvers:** 1 Samuel 25:1.
**TEMA:** *By die einde van 'n era sorg God wat lewe uit die dood bring, vir voortgang.*
**Sing:** Skrifberyming 14-2 [74]:1; Skrifberyming 1-5 [85]:1, 2, 3; Psalm 126:1, 2; Psalm 33: 3, 5; Psalm 33:1, 2, 6.
**Sing met meelewing:** Psalm 134: 4.

---

**EREDIENS om 17:00** Baie dankie aan Brechtje Jooste wat vanmiddag die begeleiding waarneem.
**Woordbediening:** 1 Johannes 4.
**Fokusverse:** 1 Johannes 4:1 (vgl. Handelinge 17:11 & 1 Timoteus 3: 6; 5: 22). **Kerkorde:** Kerkorde, artikel 9.
**TEMA:** *Die wag by die preekstoel waak teen indringers in die diens van die Woord.*
**Sing:** Psalm 130:3, 4; Psalm 135:1, 2, 11; Skrifberyming 15-6 [42]: 3, 4; Psalm 119:7, 19, 38; Skrifberyming 19-3 [25]:1, 2, 3, 4.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die ***Geopende Deure***
**MIDDAG:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)
**Volgende week: *GKSA Sustentasiefonds***

## LIEF EN LEED   *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
Ons betuig innige meegevoel met **Aucamp Klopper** wie se pa Maandag aan 'n hartaanval oorlede is. Die begrafnis vind môre in Krugersdorp plaas. Ons bid Aucamp en Leandré die ryke vertroosting van ons hemelse Vader toe.

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
**André Joubert** wat voortdurend las het met sy suurstofvlakke.
**Ria Buys** 073 697 6931 wat palliatiewe sorg in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan ontvang.
**Flip Mostert** is Woensdagmiddag in die M-Care Rehabilitasiehospitaal opgeneem nadat 'n gewas aan sy brein verwyder is.
**Lily Pretorius** het geweldig verswak. Ons verseker haar en Amanda du Plessis en ook Deon en Cecilia van ons voorbidding.
**Kobus Mentz** moet op 18 Junie 'n operasie in Pretoria ondergaan.
**Lourens du Plessis** het môre 'n afspraak met die ortopediese chirurg met die oog op 'n operasie moontlik later hierdie week.
**Marinda Snyman** moet Woendsag 'n prosedure aan haar oë ondergaan.
**Willem Serfontein** ondergaan op die oomblik 'n reeks toetse in Johannesburg.



**Dana du Plessis** is Sondag uit Wilgeheuwel Hospitaal ontslaan en sterk tuis aan nadat hy prosedures ondergaan het.

Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:

***Huis Eikelaan:*** Srs. Lily Pretorius, Mien Prinsloo, Emmarentia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel en Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte. ***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter. ***Samuel Broadbent:*** Sr. Dolene Venter.

Daar is ook 'n aantal van ons broers en susters wat in die dorp woon wat vanweë gesondheid en verswakking nie die eredienste kan bywoon nie: sr. Ria Esterhuizen, sr. Cathrien de Jager, sr. Estie Duvenage, sr. Anna Havenga, sr. Suzie Marais, sr. Lettie Vorster, sr. Anneke Markgraaf, br. Bennie en sr. Wouna vd Berg en br. Jan Kroeze.

---

**DANKBAARHEID**

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

---

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

---

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

**Donderdag18 Junie** is **Deon en Cecilia du Plessis** 10 jaar getroud en **Saterdag 20 Junie** is **Banie en Marli Nortjé** 17 jaar getroud. *Baie geluk aan die 2 egpare*.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Do | 18/06 | 10:30 | Bybelstudie, 2 Korintiërs | Ou Kerkie |
| **Sa** | **20/06** | **08:30** | WINTERFEES | **KERKTERREIN** |
| So | 28/06 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan prof BJ de Klerk | Kapel |

**KATKISASIE**

Ons bid ons katkisante die seën van die Here toe met die eksamens wat nou afgelê word. Alhoewel hulle saam met hulle ouers die samekomste van die gemeente op Sondae bywoon, is daar in die eksamentyd geen katkisasie nie. Saam met hulle ouers bly katkisante tuis op datum met hulle werk.

**BYBELSTUDIE:**

- U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:
- Donderdagoggend 18 Junie om 10:30 in die Kerksaal, 2 Korintiërs 3: 7-18.
- DIe Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.
- Die Woensdagaandgroep kom vanaf 5 Augustus weer om 18:00 byeen.

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



## VAN ONS SUSTERS

So is ons nou in die pylvak vir die WINTERFEES. By voorbaat dankie aan elkeen wat reeds baie besig is om te werk daarvoor!
Die sameroepers kan Vrydagoggend tot 12:00 julle tafels kom regkry by die saal.
Ek vra die hele gemeente om Saterdagoggend, 20 Junie, vanaf 09:30 saam te kom kuier – verkieslik met jou beursie of bankkaart! Kom ons maak dit 'n heerlike saamkuieroggend, want dit is die heel belangrikste en lekkerste!

**Pannekoekbak nr 2 vir 2026**

Verlede naweek het die susters ongeveer 160 liter pannekoekdeeg kafgedraf en verkoop!
Baie dankie aan elke suster se bydrae, dit maak nie saak wat dit was nie! Ons is geseënd om R14 326.66 wins te maak waarvoor ons baie dankbaar is. Baie dankie Anita, vir jou voorvat elke keer!
Besonder dankie aan Rudy en Nelly wat die vuil emmers kom haal en op 'n baie besondere wyse gewas het! Ek verstaan hoekom daardie huwelik al 60 jaar oud is!
Ek wil die susters aanmoedig om deel te neem aan die bakkery – dis 'n heerlike gesellige geleentheid!
Mooi en bedrywige week vir elkeen! Groete *Alta Pretorius*

**Beste kollegas, broers en susters!**

Ek skryf die volgende met omsigtigheid en vertroue: Baie van ons is Alumni van die Gereformeerde Kerk Cachet. Baie van ons studentekinders is reeds deur die jare daar geestelik bedien. Baie van ons jonges gaan nog daar geestelik bedien word. Ek het self al die somerhitte en die winterkoue in die gebou beleef. Die GS (Gemeentesentrum se erediensruimte) is 'n paar jaar gelede vergroot, maar daar was nog nooit genoeg fondse vir 'n plafon vir die aanbouings nie. Ek neem vrymoedigheid om namens die GK Cachet donasies/skenkings in te vorder vir hierdie projek. Die beraamde koste is in die orde van R75 000-R80 000 vir polistyrene plafonne wat ook as isolasie kan dien. Vir enige lidmaat/donateur wat my kontak maak ek graag alle tersaaklike inligting bekend! Met groot dank en seën toegebid op jul dienswerk! Ockie Struwig (VDM). Die Gereformeerde Kerk Frankfort
ockie.struwig@gmail.com Sel. 083 653 1989